Die Knoppie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

27 Julie 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Amos 3:1-15
Teks: Amos 3:2,8
Sing: Ps 46:1; Ps 92:3; Ps 130:4; Ps 86:1,6

DIE LEEU BRUL

Wanneer ons in besonder God met Israel, sy uitverkore volk deur Amos hoor praat, (God doen besoeking) dan gee van ons teksverse die volgende drie gedagtes deur. 8. *Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?*

Hierin hoor ons God se stem wat weerklink. In die tweede plek- Die wêreld wat vrees. In die laaste plek- God se volk moet profeteer.

KATKISASIE– Katkisasie begin vandag vir die derde kwartaal
Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by http://bit.ly/JQjBz4

TWEEDE EREDIENS (ná katkisasie)
Skriflesing: 1 Timotheus 3:1-16
Nederlandse Geloofsbelydenis : Artikel 18
Teks: 1 Timotheus 3:16
Sing: Ps.118:1,14; Ps.90:9; Sb.10/ (5-4):1,2,5,6

GOD HOU END-UIT SY WOORD

Ons moet in art 18 raaksien God wat sy belofte vervul deur sy Seun te stuur. Daarmee saam is daar wel 'n groot geheimenis, ja die verborgenheid van die Godsaligheid is ter sprake wanneer ons besef die Heilige Gees het hierdie ontvangenis in Maria gewek.

VISITASIE

Ons as gemeente sal DV op 14 Aug. 2014 visitasie ontvang. As enige lidmaat graag die visitatore wil ontmoet is u welkom om sodanige afspraak deur die skriba te reël. Die visitatore sal wees di. C Aucamp en H Stavast soos deur die klassis in Sept. 2013 ooreengekom.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/Tettol
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 10 en 11(sluit in susters skinkbeurt)
Ouderlinge: Ulbe de Ronde en Andries du Plessis
Diakens: Henry Foster en Stephan du Plessis
Diensbeurt (03/08) (Wyke 12 en 14)
Ouderlinge: Boere Smit en Flip Minnaar
Diakens: Bernard Vorster

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Sr Marthie Steyn is Donderdag-nag oorlede. Ons bid haar kinders en familie die troos van die Heilige Gees toe. **Br Willie Buys** is in Die Moot-hospitaal opgeneem na erge longprobleme. Ons dink ook in ons gebede aan **sr Ansie Putter** wie se dogter in Amerika baie ernstig siek is. Mag die Here gee dat die behandeling mag slaag en daar vir haar genesing mag wees. **Sr Annelien de Ronde** wat aan haar hand geopereer is, bid ons volkome herstel toe. Ons dink ook aan **sr Beatrix Vermeulen** wat op 4 Aug. n groot operasie moet ondergaan. Mag dit geseënd wees en sy dan ook volkome herstel. Ons is die Here baie dankbaar vir die verbetering wat by **br Dries de Ridder** ingetree het. Mag die goeie hand van die Here wat hierdie ge nade bewerk dit ook bevestig en laat voortduur. Ons dink ook aan **sr Alta de Ridder** wie se rug baie probleme gee en dit moet oorweeg of n operasie sal kan plaasvind of nie. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaan bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan **sr Henta** wat hom moet bystaan. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

BESKUITPROJEK

Graag versoek ons u weer om as dit moontlik is kontant-bydraes tot vanjaar se beskuitprojek vir ons lidmate 70 jaar en ouer te maak. Graag wil ons susters elke jaar vir ons senior lidmate hiermee hulle meelewing betoon. Tot op hede was die skenking van bestanddele en kontant nog karig. **Daarom die versoek dat om die projek nou so gou moontlik van die grond te kry dat kontant-skenkings in besonder baie sal help.** Die blaadjie met al die reëlings vir vanjaar se beskuitprojek was op 8 Jun uitgegee. As u hiermee wil help of die blaadjie met die reëlings wil bekom kan u sr Christine (0845119620) kontak.

BELYDENIS EN ONDERWYS-KONFERENSIE

Hierdie besondere geleentheid word beplan om 31 Julie 2014 by die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar plaas te vind. Dit begin 17h00 die middag. Al die inligting is op kennisgewingbord aangebring. Dit beloof om die saak van onderwys en kerk-wees en die doop en opvoeding nou aan mekaar te bind.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger kinderhuis DVB	Jeugsorg Instand-houding
03/08/2014 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
30/07	Art 48 Deputate vergd
31/07	Belydenis-en onderwys konferensie
14/08	Kerkraadsvergd en visitasie

PAUL KRUGER KINDERHUIS

75 jaar oud!

Die President Kruger kinderhuis is vanjaar 75 jaar oud. Daar word 'n heerlike kuier vir 15 Aug. 2014 beplan met vermaak verskaf deur die Con Gracia sanggroep. Dit vind plaas by die Hoërskool Oos-Moot. Kaartjies beloop R200-00. Dit sluit 'n ete in. Enige verdere navrae en aankope vir kaartjies kan of deur sr Retha v/d Merwe (0837520930)of sr Wilna v/d Merwe (0827764823) gedoen word.

BEGRAAFPLAAS-HERSTEL

Die kerkraad het goedgekeur dat daar daadwerklik nou fondse bekom moet word om die begraafplaas van ons voorouers naby die Pienaarsrivier te herstel. Ons het die projek na al die nabygeleë gemeentes in Pretoria deurgee, maar die verwagting is dat ons as gemeente ons deel ook sal bydra om dit in ere te herstel. Besoek gerus ons webblad by http://bit.ly/1q8Ag4h

Al die inligting is daar beskikbaar en ook die wyse waarop geldelik bygedra kan word. Ons hoop dat ons as gemeente daadwerklik sal kan help om die plek van die eerste erediens in Pretoria en dan veral hierdie oudste grafte weer "heel te maak".

DEPUTATE OPBOU EN UITBOU VAN KERK

Almal word uitgenooi na die volgende opbou– en uitbou konferensie wat DV 2 Aug. by Gerf kerk Andeon gaan plaasvind. Hierdie deputate tree op in opdrag van die Streeksinode. Sprekers sal wees di Flip Buys, Douw Breed, Wim Vergeer en Chris de Beer. Die blad met die volle gegewens is op die kennisgewingbord aangebring.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 19

Was dit nie so nie - Hulle word weer voor die HERE se oorspronklike doel met die huwelik te staan gebring: "Wil julle God dan weerspreek ?"

19:9, egbreuk – Met "hoerery" bedoel Christus lyflike ontrouheid.

Hierby dinge om oor opmerkings te maak:

(1) As mense uitmekaar gaan sonder dat daar egbreuk was, volg letterlike egbreuk eers wanneer een weer trou of met iemand anders gemeenskap het.

(2) As een eggenoot geestelik of andersins deur die ander afgebreek word of sleg behandel word, *kan* aangeraai word dat van bed en tafel geskei word. Egbreuk volg egter ook dan eers wanneer een van die twee met iemand anders gemeenskap het.

(3) Die HERE het in die Woord in baie sake aangesluit by die spreekwyses van daardie tye, daarom word die *manlik* gebruik om oor sake te praat. Veral nou, dat die vrou in Christus in haar regmatige plek herstel is, kan "man" en "vrou" in hierdie voorskrifte omgeruil word. Bv, as die *man* egbreuk pleeg, het die vrou ook die reg om te skei.

(4) Daar is al baie gestry, of op grond van hierdie woorde van Christus geredeneer kan word dat iemand wat voor die huwelik met iemand anders gemeenskap gehad het, die huwelik eintlik tot niet maak. Sommiges meen dat dit ook die reg gee tot skeiding, terwyl ander meen Jesus bedoel alles net vir nadat `n huwelik gesluit is.

In ons lewe deesdae raak dit al moeiliker om te bepaal waar en wanneer skuldig was. Ons moet daarom meer klem lê op trou wees, matigheid, maar *ook* dat ons moet lig loop vir ligvaardige oordeel.

19:10-11, nie wenslik om te trou nie – Vir die Dissipels moes dit net so swaar wees as vir die ander mense om hierdie veel strenger Wet oor die huwelik te hoor. Hulle het nog nie geleer dat in die Koninryk dit die genade van God is wat die mens se natuurlike neigings oorwin nie. God sterk die swakkes en hy leer ons om in die stryd teen die sonde te volhard.

Christus het nie bedoel dat die huwelik onwenslik is nie. Dit is tog `n wonderlike instelling van God. Die Kerk op aarde moet immers gebou word uit die vaste bodem van Christelike huwelike. Die getal van die uitverkorenes moet vol word.

Stem Jesus saam met die Dissipels dat dit beter is om maar nie te trou nie ? Beslis nie. Hulle is eerder verkeerd, om dit van die negatiewe kant te besien. Hulle bedoel eintlik dat, as dit so onmoontlik is om te skei, dit nie die moeite werd is om te trou nie. Dit is beslis nie hoe die Here dit bedoel het nie.

19:12, wie dit kan vat – *Totius het na hierdie vers verwys in `n artikel oor* afskaffing. *Jesus praat oor ingetoënheid en matigheid. Soos Paulus later ter wille van die Koninkryk se werk nie getrou het nie, was daar al andere en sal daar sekerlik nog sulke toegewyde mense kom. Jesus stel hierdie mense vry van die opdrag van die HERE aan die mens om te vermeerder. Matigheid, ook in ander sake, is moeilik om daagliks na te volg. Paulus het selfs gepraat oor die eet van vleis. Hy sou dit nalaat as dit sy broeder laat struikel, as dié sou dink hy mag deel neem aan afgodsoffers.*

*`n Saak van onthouding is* ***`n saak tussen elke mens en God****, soos alle geloftes. Buitengewone omstandighede is die oorsaak van so iets. Daarvoor sluit mens nie by `n "orde" aan nie* (soos bv Roomse nonne- of monnikordes). *So iets sou die gelofte van "sy karakter beroof en `n steun op mense wees. Dit doen skade aan die godsvrug. Natuurlik moet `n mens hierin baie versigtig handel. Laat elkeen in sy gemoed ten volle verseker wees."*

19:13-14, die kindertjies – Sien hierby die verklaring by **18:1-14**.

Hierdie gebeurtenis het skynbaar gevolg nadat Jesus oor die huwelik gepraat het. Dit is baie gepas, as hy daarna gewys het op hierdie **vrug**: Die kinders, wat God gee.

Dit was `n gewoonte om suigelinge na die sinagoge te neem om deur `n rabbi geseën te word. Hierdie moeders erken Jesus beslis as `n Leraar van die volk.

Die Dissipels wat hulle wou keer, is weereens (om watter rede ook al) verkeerd. Jesus beklemtoon: Die kindertjies mag nie verhinder word om **na Hom** te kom nie. Dit geld ook vir die doop van kinders, die saambring vir eredienste, die kindergebed, ens. – selfs al is hulle nog te jonk om te verstaan. In die ou bedeling was die besnydenis op die **agste dag** na geboorte. *Word vervolg*

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

23 Jul 1853– Genl. Andries Pretorius oorlede; *24 Jul 1866*– Ds. Andrew Murray (sr.) oorlede; *25 Jul 1971*– Dr. Chris Barnard doen die eerste hartoorplanting; *25 Jul 2009*– Prof. MCE van Schoor oorlede; *26 Jul 1804*– Invoering van die Kerkorde van De Mist; *26 Jul 1876*– Genl. Manie Maritz gebore; *26 Jul 1915*-Oudste Afrikaanse Dagblad, Die Burger verskyn met dr. DF Malan as redakteur; *27 Jul 1863*– Susanna Smit (egg van eerw. Erasmus Smit) oorlede; *29 Jul 1845*– Dorp Orighstad word aangelê. *1 Aug. 1888*– Oprigting Staatsdrukkery; *2 Aug. 1778*– Eerw Erasmus Smit gebore; *3 Aug. 1853*– Eerste Algemene Kerkvergadering op Potchefstroom; *3 Aug. 1863*– Eerw Erasmus Smit oorlede; *4 Aug. 1688*– Derde skip met die Franse Hugenote vertrek uit Nederland; *4 Aug. 1914*– Uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog*; 5 Aug. 1866*– Ds. Dirk Postma bevestig as predikant van Burgersdorp; *5 Aug. 1939*– Dr. HCM Fourie oorlede; *10 Aug. 1783*– Louis Trichardt gebore; *13 Aug. 1901* – Kalman Lion Cachet sneuwel tydens Tweede Vryheidsoorlog; *15 Aug. 1865*- Louw Wepener sterwe; *18 Aug. 1665*– Eerste voltydse predikant ds. Johan van Arkel kom in Kaapstad aan; *20 Aug. 1653*– Eerste doopbediening aan die Kaap deur ds. J Backerus; *24 Aug. 1572*– Barthlomeusnag; *25 Aug. 1688*– Aankoms van die eerste Hugenote

BEROEPENUUS— 27 Jul 2014
Beroepe ontvang
Ds. C de Beer van Boksburg-Suid na Pretoria-Brooklyn as medeleraar
Ds. JJ de Bruyn van Harrismith na Phalaborwa
Ds. PC van Rooy van Elandskraal na Dendron/Magalakwin-kombinasie
Beroepe aanvaar
Ds. CJ Nagel (jr.) van Nylstroom na Louis Trichardt

"PILAAR EN GRONDSLAG VAN DIE WAARHEID" (1) - P Niemeijer
Paulus het 'n dringende boodskap aan sy jong kollega, Timoteus. Hy hoop om hom binnekort in Efese te besoek, maar weet nie of hy dit betyds gaan regkry nie, daarom maak hy seker en skryf ''n brief aan sy kollega. Dan is hy seker betyds! Die haas van die apostel onderstreep die belangrikheid van die saak waarmee hy besig is. Die gemeente in Efese loop gevaar. Dwaalleraars en twisgieriges is bedrywig. Hulle besef weliswaar nie die gevolge van hulle praatjies nie en verstaan tewens nie die sake waaroor hulle hulle uitlaat nie (1 Timoteus 1:7), maar kom met die voorwendsel dat hulle weet hoe 'n mens die wet moet uitlê. Soms openlik, soms bedek, soms direk, soms indirek, gaan hulle teen die gesonde leer in, teen die evangelie waarin God sy majesteit as Verlosser openbaar. Timoteus kry nou opdrag om hom op te stel teenoor alles wat afwyk van die Woord van God. As deel van dié stryd vir die waarheid kry Timoteus ook voorskrifte oor voorbidding, die plek van die vrou en die vereistes waaraan ampsdraers moet voldoen. Dit het kennelik te doen met wat die kerk is: pilaar en grondslag van die waarheid.
Die waarheid
Die kerk word nie deur Paulus pilaar en grondslag van waarhede genoem nie, maar van die waarheid. Enkelvoud. Die waarheid. Daarmee bedoel Paulus ongetwyfeld die evangelie van Christus wat hy oral verkondig. Of, soos hy dit elders noem, die gesonde leer (1 Timoteus 1:10; 2Timoteus 4:3). Wéér enkelvoud! ... *Vervolg*

DIE KWARTELTJIE- 15 jaar!

***Die Kwarteltjie* –ons as gemeente se kwartaallikse gemeenteblad is vanjaar 15 jaar reeds aan die gang. Die volgende uitgawe wil graag op die afgelope 15 jaar fokus. As daar iemand is wat dalk oor hierdie 15 jaar die volledige stel uitgawes opgebou het en dit steeds besit sal ons graag van u hoor. In ons kerkkantoor is daar heelwat ontbrekende uitgawes wat ons nie meer die hand op kan lê nie. Ons sal graag in die voorbereiding van die volgende uitgawe ''n terugkyk op die volle reeks wil bied. Dan vra ons soos altyd ook weer bydraes en artikels van u kant. Daarvoor kan u met die huidige redakteur br. Nandor Sarkady (0723655078) / argief@nhk.co.za skakel.**

Vandag – Chantelle Plomp 0747158341	02/08– Theuns Kruger 0842153275
29/07– Rinus Plomp 0834685214	03/08– Adrianus Coertze 0824527070
29/07– Malinda Raath 0799405727	03/08– Beatrice de Beer 0824665560
02/08– Henry Foster 0823772108	03/08– Maria Grobler 0836560248
	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer*

Baie geluk met u verjaarsdag

Waai 'n vlag en tel die helde; roep om vrywilligers en tel die vlag– CJ Langenhoven